# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 05** **15 Februarie 2026**


# Ken Hom

Die meeste van ons se kontakte lys op ons telefoon is honderde, soms duisende mense. Sonder huiwering sal ons iemand wat ons ontmoet of dalk groet sommer gou as kontak stoor, want jy ken mos nou nie die persoon. Ons menslike begeerte is om geken en erken te word. Dit is deel van ons menswees, en ingebore in ons wese.

Tog is daar min mense wat ons regtig "*ken*". Die meeste is kennisse, maar nie bekend nie. In die aanlyn-wêreld is dit maklik om iemand vandag te leer ken en te sien waar hulle vakansie hou, watter kos hulle eet, watter stokperdjies hulle het. Jy kan sien wat mense "*like*".

Die vraag is of ons God ook so kan ken?

Die Bybel is die "*facebook*" van ouds waar ons God se doen en late, sy woorde en wil kan leer ken. Die vraag bly egter, of jy Hom ken? Dit beteken om meer as net die Tien Gebooie te kan opnoem of om die Bybelboeke in volgorde te sê.

Om God te ken, beteken om in 'n lewende verhouding met Hom te wees. Om God te ken is om te doen. God is tog baie meer as net 'n kennis, of nood nommer as jy in die moeilikheid is.

Om God te ken is om Hom lief te hê. En liefde bedoel omgee. Om te eerbiedig wat vir iemand belangrik is. Om heilig met iemand te leef. So wil God dat ons heilig met Hom leef, in liefde. Dit is immers die vervulling van die wet.

Dit is die bedoeling van die koms van die Geliefde Seun van God. Hy het nie net gekom om te sê Hy is lief nie, Hy het sy liefde met die daad bewys. Hy het daad by die Woord gesit. Dit bring die versekering van God se liefde en trou teenoor sondaars! As ons Hom leer ken, kom daar vrede en vertroosting en vreugde en vervulling.

Hoe wonderlik is dit om God te mag ken!

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

\- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 3, Ps 118-1:7 **Volgende week**: Les 4, Ps 118-1:7

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas. *(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 15-Feb | C06 | Fred Reynecke | Fred Reynecke | Dirk Kotze | Hannie vd Bergh | Gert Reinecke | Charl vd Bergh |
| 22-Feb | C07 | Johann Verreynne | Jan Nel | Ernest Bornman (Jnr) | Louise van Niekerk | Adrian v Niekerk | Hein Kaiser |

## KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Sustentasiefonds** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 15-Feb | Daniël | Swanepoel | C13 | 0832307436 |
| | Christa | Trichard | A03 | 0832605185 |
| | Carla | Venter | C06 | 0767430890 |
| 16-Feb | Ineke | de Klerk | A06 | 0828087700 |
| | Gerrit | Deist | B15 | 0832574306 |
| | Werner | vd Walt | A05 | 0823086238 |
| 17-Feb | Wilna | Algera | B06 | 0721340327 |
| | Liana | van Zyl | C13 | 0630208573 |
| 18-Feb | Linda | Bouwer | C05 | 0791735813 |
| | Philip | Henning | A10 | 0723117687 |
| | Werner | Pretsch | C14 | 0837906082 |
| | Chris | vd Walt | C15 | 0849045502 |
| 19-Feb | Zané | de Lange | C05 | 0791735813 |
| | Sanmari | Venter | A04 | 0714855995 |
| 20-Feb | Christelle | Bornman | C10 | 0849413391 |
| | Corrie | Cassidy | C12 | 0825727162 |
| | Clarice | du Preez | B05 | 0791697776 |
| | Anita | Kroep | C14 | 0832893063 |
| | Elana | Roets | C11 | 0837087461 |
| 21-Feb | Petri | Pienaar | C12 | 0825618300 |
| | Fransjohan | Theart | A12 | 0796518134 |
| | Corlia | van Biljon | A16 | 0729223393 |

## Doopliddmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16-Feb | Talia | Grimsehl | C09 | 0732595552 |
| 17-Feb | Belinda | Bezuidenhout | B04 | 0823758979 |
| | Edward | Bezuidenhout | B04 | 0823758979 |
| | Philip | Maré | C15 | 0792587040 |
| 18-Feb | Eduan | Dorfling | A11 | 0626803230 |
| 19-Feb | Adriaan | Erasmus | C09 | 0828833389 |
| | Mikayla | Gentle | B01 | 0824646893 |
| 20-Feb | Anné | Struwig | C13 | 0727753322 |
| 21-Feb | Riekie | Kruger | B09 | 0820811030 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Santie van Rooy sterk aan na heupvervangingsoperasie (B7 – 082 592 8952).
- Erhardt Dorfling sterk aan in Kalafong hospitaal (A11 - 060 430 9705).
- ***Meelewing*** word betuig met:
  - Rochelle du Toit wie se vader die afgelope week oorlede is.
  - Chris en Thea Smit en familie na die afsterwe van Chris se seun, Chrisjan.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Wat is Lewe

As jy kan VERGEWE
sonder om 'n woord te sê.

As jy LIEFDE in iemand se oë kan sien
sonder om te vra.

As jy kan GLIMLAG
sonder 'n rede.

As jy ALS gee met jou HART.

As jy LUISTER na die Stem van GOD
sonder om te TWYFEL!!!

# Dit is Lewe

Skrywer onbekend

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/
Rev Lourens Venter
1 John 2:1-17

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Klavierlesse -** Ek bied privaat klavierlesse vir tuisskoolleerders in die oggende in GK Centurion se kerkgebou aan. Kontak Lize Johl (0810130185) vir meer inligting.

**Gesoek: Administratiewe- / debiteure- / krediteurepos**. Betroubaar, professioneel en vriendelike dame. Sterk kliëntediensvaardighede, ervare CRM, kommunikasie en organisasie. Toegewyd aan diens met integriteit en sorg. Bieuwkje Gouws 082 851 3931.

**Vakature vir 'n deeltydse drywer**, Gauteng-area :, Afrikaans sprekend, SA-burger, Vir volledige posbeskrywing kontak per whatsapp 072 236 2328 of stuur jou CV na admin@ inalessing.co.za.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Verblyf gesoek** - jongman soek verblyf in Rooihuiskraal vanaf 1 Maart. WhatsApp Iwann du Toit 084 673 7293.

## Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting.

**Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.

Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.




**Skandeer die kode, voltooi die vorm en kom deel in die pret onder die sterre!**




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**15 Feb**

| | | |
|---|---|---|
| Elize Pretorius | A7 | Oudl Louis Trichardt |
| | A18 | Oudl Andre Pretorius |

**22 Feb**

| | | |
|---|---|---|
| Helena du Plessis | A8, A9 | geen oudl |




**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

**Almanak 2026**

**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R135**

**Bring asb. die bewys van betaling/die korrekte kleingeld**



# Bybelskool 2026 – Gaan maak Dissipels!!

**Inleiding tot Skrifgefundeerde Evangelisering**

**Matt 28:19 Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees,**

- Onthou jy nog die Groot Opdrag?
- Het jy 'n hart vir verlore mense?

**Dan is hierdie Bybelskool vir jou!**

**Dinsdag: 17 Feb**

**Ds Maarten van Helden**

**Tema: Skrifstudie: Getuienis tekste**

19:00 tot 20:30 by GK Centurion

R200 per persoon

Betaalbaar in die Kerk se rekening met jou naam en "**Bybelskool**" as verwysing -

**Studente en kinders halfprys**

*Verskeie aanbieders waaronder Prof Henk Stoker, Dr Brian DeVries, Ds Jonker Venter, Ander Evangeliste gaan ons toespreek tydens die Bybelskool*

**Kontak: Hein Venter – 083 357 6141 / Christi Venter – 082 940 1555**

**Ds Maarten van Helden – 072 143 1855**



## Musiekvoorspel inligting


Psalm 107 - Oggend

Psalm 107 bevat 'n herhalende, tweevoudige refrein wat lof aanmoedig vir God se "*volhardende liefde*" en "*wonderbare dade*". Die psalm beskryf vier groepe wat God gered het, en beeld Hom uit as 'n verlosser van:

- Die Swerwers: Verlore in woestyne sonder 'n tuiste.
- Die Gevangenes: Geboei in duisternis as gevolg van rebellie.
- Die Siekes: Geteister en nader aan die dood as gevolg van hul dwaasheid.
- Die Matrose: Bedreig deur stormagtige see.

Psalm 7 - Aand

Psalm 7 is 'n "*Shiggajon*" ('n passievolle lied of meditasie) geskryf deur Dawid, waarskynlik terwyl hy deur Saul agtervolg is of in reaksie op valse beskuldigings van 'n Benjaminiet genaamd Kus. Dawid doen 'n beroep op God as die regverdige Regter om sy onskuld te bevestig en beweer dat hy nie die goddelose dade gepleeg het wat sy vyande beweer nie.



# Koningskinders Kamp 2026

**Wil jy graag betrokke wees?**

Ontmoet ons **Sondag 15 Februarie** na die oggenddiens onder die **Olyfboom** vir meer inligting en om jou naam by Etienne op te gee.

**DIE KAMP IS VANAF 20 - 22 MAART 2026**

# Liturgiese Riglyne

## **S O N D A G O G G E N D 09:00**

# Uit Hom = In Hom

**Skriflesing**:
1 Johannes 2:1-17
(2020)

**Teksvers**:
1 Johannes 2: 3-6

**Sing**:
Ps 118:1,7
Sb 8-2:1,2,4,10,11
Ps 34:6,8
Sb 16-1:1,2,7
Ps 9:1,5,7,10
Sb 13-3

Prediker: Ds Lourens Venter

Om uit God gebore te wees, beteken tog sekerlik ook dat jy vanuit Hom voortkom. Hy is die Een wat jou maak en vorm deur die Heilige Gees wat jy is, ‘n Kind van die Allerhoogste.

Kinders vertoon nie net die eienskappe van hulle ouers nie, hulle doen ook wat hulle ouers doen. So moet ons as kinders van God, wat uit Hom gebore is, ook in sy beeld en gelykenis leef. Ons moet lyk soos Hy lyk. Ons moet leef soos Hy wil hê ons moet leef. Met ander woorde, om uit God te wees, beteken ook om IN Hom te wees.

## **S O N D A G A A N D 18:00**

# Jy is duur gekoop

**Skriflesing**:
Johannes 14
Openbaring 19
2 Kor 11:2
(1983)

**Teksvers**:
Openb 19:7,8

**HK**: Sondag 1

**Sing**:
Sb 5-3:1-6
Sb 12-4:1-3
Sb 12-6:1-5
Sb 5-3:1,2,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons begin vanaand weer met leer-prediking volgens die Heidelbergse Kategismus. Hierdie is volgens Kerkorde Art 68 'n opdrag aan elke gemeente en moet dus gereeld onderhou word. Mens sou hierdie sg. Kategismusprediking kon sien as voortdurende volwasse toerusting van die gemeente van die Here Jesus Christus.

Ons neem in hierdie onderrig altyd die temas uit die belydenisskrif (HBK), maar die inhoud van die prediking bly steeds die Woord van God.

Dit sal 'n goeie wenk wees dat elkeen van ons HK Sondag 1 uit die hoof leer ken. Probeer dit gerus, want dit is 'n baie mooi opsomming van ons geloof (jou troos).